

Hoofstuk van die dag: 1 Timoteus 3

Ingeval my koms vertraag word, sal jy dus weet hoe iemand hom moet gedra in die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid. (vers 15)

Dis merkwaardig hoe Paulus oor die gemeente praat. Niks minder nie as die huisgesin van die lewende God! ’n Mens kry soms die indruk dat die gemeente vir baie mense net maar nóg ’n klub is naas die ACVV of die VLV. Nee, sê Paulus. Die gemeente is van ’n ander orde. Dit is die lewende God s’n. En boonop met ’n baie hoë roeping – draer en beskermer van die waarheid!
Dis nie die ouderlinge en diakens wat die draers en beskermers van die waarheid is nie. Die *gemeente* het hierdie belangrike taak. Dit is: elke enkele lidmaat speel ’n rol in die kerk se getuienis in die wêreld. Niemand kan agteroor sit en dink ander mense het die verantwoordelikheid gekry nie.
Die waarheid wat aan die gemeente se sorg en beskerming toevertrou is, is nie ’n wollerige vaagheid nie. Die waarheid is die evangelie van Jesus Christus (vers 16; vgl Joh 14:6). Ons moet Jesus-mense wees.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026